

49/87

GRIFFIER, HOOGGEREGSGHOF VAN SUID-AFRIKA		
(APPELAFDELING)		
BIBLIOTEK	1987-05- 22	LEESSEL
BLOEMFONTEIN (APPELLARE DIVISION)		
REGISTRAR, SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA		

THEMBILE JAMA

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPELAFDELING)

In die saak tussen:

THEMBILE JAMA

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

Coram: HEFER, AR, NICHOLAS et BOSHOFF, Wn ARR

Verhoor: 12 Mei 1987

Gelewer: 22 Mei 1987

U I T S P R A A K

BOSHOFF, Wn AR :

Die appellant kom in hoër beroep teen die
doodstraf wat hom opgelê is in die Suid-Oos Kaapse Plaaslike

Afdeling...../2

Afdeling toe hy skuldig bevind is aan die moord op 13 Mei 1985 op Stefanus Beyers de la Rey du Preez (oorledene) en daar bevind is dat daar geen versagtende omstandighede aanwesig was nie. Mnr Huisamen, namens die appellant; betoog dat die verhoorhof gefouteer het deur nie te bevind dat daar wel versagtende omstandighede aanwesig was nie. Hy voer aan dat die verhoorhof misgetas het in h opsig waarna later meer volledig verwys sal word.

Vir die beantwoording van die vraag of daar wel versagtende omstandighede was, moes die verhoorhof vasstel of daar omstandighede was wat op die geestesvermoëns of die geestestoestand van die appellant

betrekking...../3

betrekking kon gehad het, indien wel, of sodanige om-
standighede hom inderdaad beïnvloed het, en of volgens
die oordeel van die verhoorhof die beïnvloeding sodanig
was dat sy daad daardeur minder laakbaar of verwytbaar
beskou kan word, kyk S v Babada 1964(1) SA 26(A)
27H-28A.

Die appellant was saam met 3 ander beskuldigdes
aangekla. Hy was beskuldigde 4 en die ander 3 beskul-
digdes 1, 2 en 3. Beskuldigde 2 is onskuldig bevind

en...../4

en ontslaan. Die oorledene was 'n plaasbestuurder op die plaas Brandwag en beskuldigde 3 het 'n huis op die plaas gehuur. Daar was 'n slegte gevoel tussen die twee en beskuldigde 3 het ook pogings aangewend om die posisie van die oorledene op die plaas te ondergrawe aangesien hy self agter die pos van plaasbestuurder was. Beskuldigde 1 is 'n 19 jaar oud swartvrou wat by beskuldigde 3 'n huisbediende was. Beskuldigde 3 het haar gevra om vir hom iemand te kry om vir die oorledene om die lewe te bring. Appellant is 'n 22 jaar oud swartman wat lemoene gepak het by die Kirkwood Koöperasie. Beskuldigde 1 het hom genader en na beskuldigde 3 gebring. Hulle het die Sondagaand voordat die moord op die Maandagoggend...../5

dagoggend gepleeg is in beskuldigde 1 se kamer bymekaar gekom en al die reëlings is toe getref hoedat die oorledene die volgende oggend voorgestaan moes word en hoe hy om die lewe gebring moes word. Daar was aan gedink om sy huis aan die brand te steek maar hulle het van hierdie idee afgesien omdat die oorledene honde op sy werf gehad het en omdat die skade aan die huis groot sou wees. Daar was daardie tyd onluste in die swartwoonbuurt en dit was toe besluit dat die oorledene doodgesteek moes word en dat sy liggaam daarna verbrand moes word; waarskynlik om die indruk te skep dat die oorledene die slagoffer van swartonluste was. Appellant wou R20 gehad het vir sy dienste maar beskuldigde 3 het gesê

dat...../6

dat hy hom R30 sal betaal.

Die appellant het die nag in beskuldigde 1 se kamer geslaap. Die volgende oggend is hy vroeg wakker gemaak en is toe saam met beskuldigde 1 na die pad waarlangs die oorledene gewoonlik met sy bakkie ry op pad na die plek waar hy soggens die bokke tel. Appellant was gewapen met 'n mes en het twee plastieksakke gehad wat hy oor sy hande moes gehad het om geen vinger-afdrukke agter te laat nie. Hy het ook sandale aangehad met gladde sole sodat geen herkenbare spoormerke agter gelaat word nie. Beskuldigde 1 het saam gegaan met 'n bottel brandstof wat gebruik moes word om die oorledene se liggaam te verbrand. Appellant was langs die pad

gewees...../7

toe die oorledene in sy bakkie daar aankom en stilhou om met die appellant te praat. Die getuienis is nie duidelik hoe dinge daarna verloop het nie. Appellant het die oorledene aangeval en verskeie steke met die mes toegedien en snywonde veroorsaak. Tydens die verloop van die gebeure het die oorledene twee skote met sy geweer afgevuur waarvan een vir die appellant in die been getref het. Die appellant en beskuldigde 1 het nie sover gekom om die oorledene se liggaam te verbrand nie. Die bottel brandstof, vuurhoutjies, mes, sandale en twee plastieksakke is daarna op die toneel van die moord gevind. Die oorledene is dood aan akute bloedverlies en het 8 snywonde aan hom gehad. Twee daarvan het deur-

gedring...../8

gedring in die borskas holte in. Daar was 'n 10 cm
snywond in die stygende aorta wat die bloeding veroor-
saak het waaraan die oorledene gesterf het.

Die appellant het verskeie verklarings gemaak
in verband met sy betrokkenheid by die moord. Die eerste
verklaring het hy op 17 Mei 1985 aan Kaptein Goosen
in die hospitaal in Uitenhage gemaak. Op 17 Mei 1985
het hy 'n verklaring aan landdros van Rooyen gemaak.
Op 6 November 1985 het hy saam met die ander beskuldigdes
voor landdros Willen in die landdroshof in Kirkwood
verskyn ingevolge artikel 119 van die Strafproseswet
nr 51 van 1977 en onskuldig gepleit. As pleitverduide-
liking het hy weer 'n verklaring afgelê. Met die verhoor

van die saak op 3 Februarie 1986 het die appellant weer
onskuldig gepleit en 'n verklaring in gevolge art 115(1)
van laasgenoemde wet ingehandig. Na afloop van die
Staatsaak het die appellant self getuienis afgelê en
is gekruisvra deur die advokate van beskuldigdes 1 en 3
asook die advokaat van die Staat.

In sy uitspraak het die verhoorhof bevind dat
daar 'n ooreenkoms tussen die appellant en beskuldigde 3
was dat appellant die oorledene moes doodmaak en verder
dat die appellant uiteindelik gedoen het wat hy onderneem
het om te doen. Hy is gevolglik skuldig bevind aan
moord.

Die appellant het nie self getuienis ter strafversagting afgelê nie maar gesteun op die getuienis van Margaret Jeannie Windsor, 'n interne kliniese sielkundige van die Donkin hospitaal op Port Elizabeth.

Sy het 'n B A honneursgraad in sielkunde en studeer nog vir 'n M A graad in sielkunde. Sy het ongeveer 8 maande se praktiese ondervinding as 'n interne kliniese-sielkundige in die Donkin hospitaal gehad. Sy is gevra om die intelligensievlak van die appellant te bepaal en het hom vir sowat 'n uur lank gesien en sekere toetse gedoen. Sy het sy intelligensiekwosiënt op 50 vasgestel wat toon dat hy 'n intellektuele ontwikkeling van 'n kind van 7 tot 9 jaar het. Dit beteken dat hy effens tot

matig...../11

matig vertraag is. Volgens haar mag dit vir hom moeilik wees om die volle implikasies van feitlik enige situasie te begryp. Dit sou gevolglik meebring dat hy minder in staat is as die gemiddelde persoon om beslissings te neem. Weens drukte van tyd kon sy haar bevindings nie kontroleer met bykomende inligting verkry van 'n familielid van die appellant nie. Sy kon slegs die appellant se moeder, tante en oupa vir 'n paar minute spreek. Volgens hulle is hy ietwat vertraag. Sy het ook nie insae tot al die verklarings wat die appellant gemaak het, gehad nie. Sy het verder verduidelik dat dit nie vir haar nodig was om van 'n tolk gebruik te maak nie omdat sy bloot meganiese toetse toegepas het en dit

nie nodig was om met die appellant te kommunikeer nie.

Toe die verklarings aan haar gestel is, het sy toegegee

dat die uur wat sy met die appellant gehad het miskien

nie lank genoeg was om die appellant se verstandvermoë

na behore aan te slaan nie.

In sy uitspraak ten opsigte van versagtende

omstandighede het die verhoorregter aanvaar dat Mev

Windsor haar opregte menings uitgespreek het maar be-

vind dat haar menings nie strook met wat die verhoorhof

self in die hof tydens die verhoor waargeneem het en

wat uit die appellant se daade en die verklarings wat

hy van tyd tot tyd gemaak het, blyk nie. Hy het nie

toe hy getuienis afgelê het en sover geoordeel kon word

uit sy verklarings, enige mate van dwaasheid aan die dag gelê nie soos verwag sou word van 'n persoon met so 'n lae intelligensie as wat 'n intelligensiekwosiënt van 50 mag aandui nie. Sy antwoorde op vrae in die hof was stadig maar duidelik en sy verklarings buite die hof was ook duidelik.

Mnr Huisamen het betoog dat die verhoorhof misgetas het deur nie meer gewig aan die getuienis van mev Windsor te heg nie. Volgens hom is haar getuienis en haar gevolgtrekkings 'n belangrike en deurslaggewende oorweging wanneer geoordeel moet word of die appellant se ongeletterdheid, lae intelligensie en intellektuele vermoëns, geestelike onvolwassenheid en die

moontlike invloed wat beskuldigdes 1 en 3 op appellant gehad het, op versagtende omstandighede kon neerkom al dan nie. Hy het toegegee dat die appèl nie kan slaag as bevind word dat die verhoorhof nie misgetas het ten opsigte van mev Windsor se getuienis nie.

Dit blyk duidelik uit die getuienis en die verduideliking van mnr Huisamen hoe dit gekom het dat mev Windsor op die toneel gekom het, dat sy die appellant nie onder psigiatriese observasie gehad het nie en dat sy bloot net verstandstoetse op hom uitgevoer het. Die toetse het afgehang van sy eie reaksies en optrede. Sy het toegegee dat sy eintlik meer tyd nodig gehad het om sy verstandsvermoëns behoorlik aan te slaan.

Die verhoorhof, daarenteen, het die geleentheid gehad om hom te sien en te hoor getuig en vrae beantwoord, en ook sy verskillende verklarings gelees waarin hy met sy betrokkenheid in die saak handel. Hy het op elke geleentheid 'n samehangende relaas gegee en 'n verweer probeer openbaar. Die verhoorhof het sy getuienis verwerp. Mev Windsor was gevolglik nie in die selfde gunstige posisie as die verhoorhof om te kon bepaal of die appellant wel so 'n lae verstandsvermoë gehad het waarop mev Windsor hom aangeslaan het nie.

Na my oordeel het mnr Huisamen nie daarin geslaag om aan te toon dat die verhoorhof misgetas

het...../16

het deur nie meer gewig aan mev Windsor se getuienis
te heg nie.

Die appèl word gevolglik van die hand gewys.

WAARNEMENDE APPELREGTER

HEFER , AR)

NICHOLAS, Wn AR)

stem saam